Gawes, jy het dit!

Efesiërs 4:1-16
fokus: 7-10

Inleiding

Jou klere kas is chaos. Jy is nie een van daardie mense wie se goeters so mooi op stapeltjies en in rytjies gepak is nie. En as dit ‘n slag so gepak word... bly dit nie vir lank so nie. Jy dreig dikwels om jou kas reg te pak. Of jou vrou of ma dreig jou.
En verbeeld jou jy skraap moed bymekaar om die slag dit aan te pak. Vir party is dit hoe ver hulle kom... hulle verbeeld maar net. Maar, ...verbeeld jou.
Jy ontbondel die bondels en begin ‘n bietjie sorteer. Kouse met maats, kouse sonder maats. Jy kom af op daardie trui wat jy al lank gesoek het. Of vergeet het jy het. En soos jy regpak kom jy af op ‘n persent agter in die hoek. Dis nog toegedraai. Dit het jou naam op.
Op ‘n manier het jy dit misgekyk die oggend van jou verjaarsdag en dit sommer saam met die nuwe sakdoeke of serp en kouse haastig in jou kas geprop.
Jy het nie eers geweet jy het dit nie... al is dit vir jou gegee.

Op ‘n manier is daardie kas ongelukkig soos baie van ons se verhouding met God. Deurmekaar, al was dit op ‘n stadium agtermekaar. Maar jy weet nie eers meer presies wat is waar nie. En êrens in daardie kas, sonder dat jy dit eers weet, is ‘n geskenk van God haastig ingeprop. Maar

as jy so bietjie gaan begin met ‘n regpak... wag daar ‘n nuwe verrassing vir jou in jou verhouding met God.

Die boek Efesiërs wys op ‘n manier vir Jesus se dissipels wat alles in hulle kas is. Dinge wat hulle nie eers geweet het daar is nie. Of hoe om te gebruik nie. Dit kom pak dinge weer mooi reg sodat dissipels die skat van hulle verhouding met God kan ken en gebruik.

Efesiërs 4 praat oor Trinitas. Dit vertel hoe ons almal een is deurdat ons dieselfde Gees, Here, en Geestelike Pa deel as familie (v4-6).
Maar dit vertel ook hoe ons baie, baie verskillend is. Elke liewe een van ons, het iets baie unieks en kosbaar wat die ander nie het nie: unieke geestelike gawes.

Ons is hierdie jaar besig om onsself te verstaan as ‘n ***verloste familie diensknegte wat gestuur*** is. Ons fokus hierdie kwartaal op diensknegte. Ons gaan die volgende drie weke meer leer oor die geskenke wat God vir jou as sy dienskneg persent gegee het om mee te dien: genadegawes.

Vandag ontdek ons wat ‘n gawe is, wanneer dit sal werk en hoekom dit sal werk... of nie.

Wat is 'n gawe? (v7)

Vers 7 – *"Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het."*

Die Griekse woord wat vir 'gawe' gebruik word is eintlik maar net die woord 'geskenk' of 'persent'. Dis iets wat jy bv met jou verjaarsdag gratis kry van iemand anders af sonder om daarvoor te vra...

So het Jesus ook vir jou, sy dissipel/volgeling/appy, 'n persent gegee. Sonder dat jy daarvoor gevra het. Daarom noem die Bybel dit ook "genadegawes" wat die Here gee soos wat Hy wil (Rom 12:3,6a).

Dit is daarom iets wat die dissipel wat langs jou sit nie noodwendig het nie. Dit is 'n vermoë in jou lewe, iets wat jy kan doen, waar die Here jou toelaat om 'n bietjie beter in te wees as ander mense.

Watter tipe goeters is dit? Party is gewone goeters soos om iemand te kan bemoedig, ander is buitengewoon soos om siekes gesond te maak. Op verskillende plekke in die Bybel kry ons van hierdie gawes gelys bv. Ef 4, Rom 12, 1Kor 12 en 1Pet 4. Maar ons sien dat hierdie lysies soms verskil, soms langer of korter is en soms oorvleuel. Daar is dus nie 'n vaste stel nie.

Jou spesifieke gawes is op 'n manier die resultaat van die "hele jy". Die karakter en temperament wat God jou

gegee het by geboorte en ook hoe jou lewenservaring jou geskaaf het tot nou. Die pad wat Hy met jou gestap het. Dit gee vir jou sekere belangstellings en passies, talente, vermoëns, jou beroep, en wat ook al anders Jesus in jou lewe ingebou het.

Jesus het besluit presies wat en hoeveel jy moet kry, waarin dit lê, en hoe groot dit moet wees. Dit beteken dat ons versigtig moet wees om sommer oor onsself of mekaar te mor oor wat ons is of nie is nie, of oor wat ons het of nie het nie.

'n Dissipel se fokus behoort eerder daarop te wees om dit wat jy wel het te gebruik, te oefen en sterker te maak want Jesus het dit gegee vir 'n rede en wil dit op 'n spesiale manier gebruik.

Die punt van vers 7 is: Elke dissipel het verseker ten minste 1 gawe in jou lewe waar die Here jou deur sy genade toelaat om 'n bietjie beter in te wees as ander!

Jy het dus *tools* om hom meet te dien. En dít is jou beginpunt om te verstaan waar en hoe Jesus jou as sy dienskneg wil gebruik. Binne Trinitas as verloste familie, maar ook buite in 'n verdwaalde Vanderbijlpark.

Wanneer sal dit werk? (v 8)

Vers 8 verduidelik nou waar hierdie gawes presies vandaan kom sodat ons kan verstaan hoe dit bedoel is om te werk.

[8]Daarom sê die Skrif: "Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee."

Paulus haal Ps 68 hier aan om te verduidelik waar die gawes vandaan kom.
In die Ou Testamentiese tyd het konings van tyd tot tyd mekaar se stede aangeval, skatte geroof en hulle grondgebied so vergroot. Na so 'n oorlog het hulle dan baie bly teruggegaan na hulle eie stad toe.

Hulle het 'n hele optog gehou deur die hoofstraat. Voor was die koning en die soldate, dan al vyande wat gevang is en agter al die buit en skatte wat hulle gekry het. Die koning het dan van hierdie skatte aan die mense onder sy regering uitgedeel.
Sy mense het die gevolg van sy oorwinning gesmaak deur hierdie geskenke, hulle het dit gebruik, belê, spandeer en die koninkryk het floreer!

Dit is op 'n manier wat met Jesus se hemelvaart gebeur het en waarom die Heilige Gees uitgestort is. 'n Gewone mens soos jy, wat maar elke dag sukkel met jouself... word in skerp gereedskap verander.

Gawes kom van ‘n bo-natuurlike plek af om gewone mense soos ons op bo-natuurlike maniere te gebruik in sy diens.

Wat bedoel ek met bo-natuurlik? Jy dink dalk dat jy niks bo-natuurliks kan doen nie, maar... jy kan! Hoor mooi: Elke keer wat jy bo jou sondige, selfsugtige en selfgerigte natuur uitstyg, om in geloofsvertroue iets vir God te doen, is jy tog besig met bo-natuurlike dinge.

Dinge wat nie-Christene nooit sal kan doen nie – hulle bly slawe van hulle sondige natuur om net vir hulleself te lewe.

Jy gebruik dus jou geestelike gawe ook as jy doodgewone dinge op 'n bo- of buite-natuurlike manier doen.

Van die dinge wat genoem word in die lysies is bv om te bemoedig, met praktiese dinge te help, onderrig te gee, finansieel te gee, leiding te gee, hulp te gee.

Dit is als bo-natuurlik as jy dit in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees gebruik en dan het dit ook ‘n bo-natuurlike uitwerking. Die gevolge kring wyer uit as wat jy self ooit beplan het.

Maar, as jy dit doen met ‘n selfsugtige natuur in jou skik met jouself sal niemand opgebou word nie. Mens sien dit daar waar bv almal hulle flou werk maar dit is vir niemand lekker nie, die groep is vol spanning en konflik, en die resultate

kom maar met ‘n bitter smakie in die mond. En gaan ook nie ver nie. Later wil niemand eintlik meer daarvan deel wees nie. Jy het dít al êrens beleef! Jy het dit dalk al veroorsaak?

Jou gawes sal bo-natuurlik werk as jy deur die Gees se leiding bo jou sondige natuur uitstyg en werklik daarmee dien. Dít sal Trinitas en Vanderbijl en jouself verryk.

Hoekom sal dit werk? (v 9&10)

Hoekom sal dit werk? Want dis eintlik dan Jesus wat werk.

Kom ons kyk...
“[9]*Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe.* [10]*Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.”*

Hoekom het Jesus opgevaar? “... *om alles met sy teenwoordigheid te vul.”*
Letterlik staan daar: ...om alles vol te laat word.

Jesus Christus moes buite die wêreld gaan staan om van daar af orals en in almal te kon inskyn met sy genade strale.
Dit is eintlik 'n teenstelling: Hy moes weggaan en die wêreld leeg los om uiteindelik alles vol van Hom te kan laat word.

Wanneer jy gehoorsaam aan die Gees bo jou selfgefokusde instink begin dien met wie jy is en wat jy het is dit eintlik nie meer jy wat besig is nie – dit is Jesus in jou en deur jou. Dán is jy sy liggaam.
En as iets dan gebeur is jy beïndruk deur Hom, nie met jouself nie.

Daarom bely ons in NGB art 14:
"Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets as onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer. Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as Hy sê "Sonder My kan julle niks doen nie".

Jy kyk heer waarskynlik nie so na jouself nie maar jy het gawes, gereedskap. Trinitas het baie gawes. Met God en sy Gees in jou waarna jy luister, kan ons baie doen.

Slot

Dalk is dit nodig vir jou vir 'n kas-regpak-sessie. Om wie jy is en wat in jou lewe aangaan bietjie te gaan sit en te sorteer

om te ontdek wat die Here vir jou gegee het... sonder dat jy dit dalk eers besef.

Trinitas is een familie maar ons verskille is vir ‘n rede: beter diens! Maar sonder elkeen se kas-regpak gaan dit nie kan gebeur nie.

Elke dissipel van Jesus hier het geskenke wat wag om oopgemaak te word en bo-natuurlik te werk.
As jy sy Gees se leiding volg sal dit werk... want dit is eintlik Hy wat werk...
Hier in Trinitas.
Ons en Vanderbijlpark sal God dan meer bewonder en eer soos wat ons sien wat Hy in en deur ons doen.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
16 Aug 2015